28 Mei 2021.

Lering tov Bevryding…..

Tiendes , offerandes, aalmoese ens.

Goddelike voorsiening.

Filippense 4:19 *En my* ***God sal elke behoefte van julle vervul*** *na sy rykdom in heerlikheid deur Christus Jesus.*

2Korintiers 9:7 *Laat elkeen gee soos hy hom in sy hart voorneem, nie met droefheid of uit dwang nie.*

God het 'n blymoedige gewer lief!!

Ek herhaal…..DIE HERE het 'n blymoedige gewer LIEF!!!!!

Opgestel deur: **De oude pastoor Sarel Fourie aka pasta Zarribabe.**

En ook: Ian aka Boykie.

En Jolanda: aka Lands.

Hebrews2:4Ministries WhatsApp no: 072 413 7607

Voorwoord :

Iantjieboy….ek skryf in baie donker blou, bokant dit, wat ek wil hê dat jy bietjie meer vleis aansit, by die verse, waar jy sien dat ek dit bold maak, met groter font size en soms self high light.Ek gaan dit so doen>>>

Ian>>> ***as ek jou aandag iewers wil vestig waar jy moet doen soos jy gelei voel. Natuurlik is die vloer joune en jy kan enige tyd bylas en kommentaar lewer.***

Dierbares, ek kom regtig met baie kinders van God in aanraking.

As ek na hul welstand verneem, hoor ek baie maal, u het seker ook>>>> Hier is ou broer Koos Broekskeur Straat, Knersvlakte. "Naand ou Kosie, hoezit broer"? Gewoonlik klink dit so-iets>>>>

"Ag ou broer, dit het beter met my gegaan toe my ouers nog vir my gesorg het>>>OF>>>nee wat, helpie om te kla nie, wie sal tog luister>>>OF>>>nie te sleg onder die omstandighede nie>>>Of >>> ag wat slegter as kop af kan die ook seker nie gaan nie. Ons het darem nog saans 'n stukkie brood oppie tafel>>en en en >>so

gaan die treurmares voort". Mens kan sommer klaar sien die ou spandeer min tyd in Die Woord**>>> Hy sou geweet het>>>**

Ian.>>>

1. Filippense 4:19 *En my God sal* ***elke behoefte*** *van julle vervul na Sy rykdom in Heerlikheid deur Christus Jesus.* Jy hoef nie swaar te kry nie. Jesus wil jou help, nie net vir sommiges nie broer>>>Hy is lief vir ons almal. Kyk wat leer ons hier maat.

Handelinge 10:34 *En Petrus het sy mond geopen en gesê: Ek sien waarlik dat God* ***geen aannemer van die persoon*** *is nie.>>>>>* Ons word ewe opreg behandel. Die Here is net so lief vir jou as vir my, of ons pastoor of ons vise-voorsitter. Want so lief het God die **wêreld** gehad dat **HY SY ENIGGEBORE SEUN >>>>**

Johannes 3v16>>>>nie waar nie?

Deuteronomium 32:10 *Hy het hom gevind in 'n woestynland en in 'n woeste wêreld, vol gehuil van die wildernis; Hy het hom omring,* ***op hom ag gegee,*** *hom* ***bewaak soos sy oogappel.*** **Kyk, ons is Die Here se oogappel!!!**

Deu 32:11 Soos 'n arend sy nes opwek, oor sy kleintjies sweef, sy vlerke uitsprei, hulle opneem, ***hulle dra op sy vleuels.***

Maar, dit word van kinders van Die Here verwag om in **Sy Geregtigtigheid** te wandel, dit beteken om **een van Sy regverdiges** te wees. Die dag toe **jy gedoop is,** het **jy die raad** van Die **Regverdige God** aanvaar en het **jy deel** van Sy **Regverdige leefstyl** geword.

Mattheus 3:15 *Maar Jesus het geantwoord en vir hom gesê: Laat dit nou toe, want* ***só pas dit ons om alle geregtigheid te vervul****. Daarna het hy Hom toegelaat.*

Lukas 7:29 *En toe die hele* ***volk en die tollenaars dit hoor, het hulle God geregverdig deur hulle te laat doop*** *met die doop van Johannes.*

Luk 7:30 Maar die Fariseërs en die wetgeleerdes het die ***raad van God aangaande hulle verwerp deur hulle nie deur hom te laat doop nie.***

Daardie tyd het Die Heilige Gees jou van sonde ens oortuig, mens het bekeer, is onderdompel in die enigste waterdoop, wat Die Bybel beskryf, wat ons almal reeds ken, en ons wag soms op die doping in Die Heilige Gees, nie net om in Tale te praat nie, nee meneer>>>

Johannes16:7 *Maar Ek sê julle die waarheid: Dit is vir julle voordelig dat Ek weggaan; want as Ek nie weggaan nie, sal die* ***Trooster*** *nie na julle kom nie; maar as Ek weggaan, sal Ek* ***Hom*** *na julle stuur;*

Joh 16:8 en as ***Hy*** *kom, sal* ***Hy*** *die wêreld* ***oortuig van sonde*** *en van* ***geregtigheid*** *en van* ***oordeel****:*

Joh 16:9 van ***sonde,*** *omdat hulle in* ***My nie glo nie****;*

*Joh 16:10 en van **geregtigheid,** omdat Ek na my Vader gaan en julle **My nie meer sal sien nie;***

*Joh 16:11 en van **oordeel**, omdat die **owerste van hierdie wêreld geoordeel is.*** Gedurende die Pinksterfees, nadat Jesus na Vader teruggekeer het, het Hy Sy Gees uitgestort….lering vir 'n ander keer. **Hierdie het ek ou Koos vertel toe ek hom een aand gaan besoek het. Treurmare op treurmare.**

Ian>>>

Maar onthou jy, ek het jou destyds gewaarsku om in Die Woord te bly en ernstig **heilig** te lewe. Ek het nog gesê dit beteken **nie** dat jy, iewers op 'n berg met jou harpie moet gaan sit en Psalms sing nie. **Dis godsdienstigheid>>>NIE GOED NIE!!!**

Heilig leef beteken om **afgesonderd** van die vlees te leef en om soveel moontlik in **Die Gees** te bly, **in Christus**, omdat jy **In Hom INGEDOOP IS, Galasiers 3v27.** In Hom bly jy rein en onveroordeeld>>>>**Romeine 8:1** *Daar is dan nou **geen** veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie, vir die wat **nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees.***

2. Psalm 5:13 *Want **U seën die regverdige,** o HERE, **U omring hom met welbehae** soos **met 'n skild.*** Kyk bietjie broer>>>Wie seën Die Here? Ja broer, jy sien reg. **Hy seën die regverdige**. Tel jy onder die regverdiges? **Dan** sal jy 'n **Geseënde van Die Here** genoem word en **jy en jou kinders** sal altyd in **oorvloed** lewe. Hoe weet ek dit, vra jy? Kyk hierna:

Johannes 10:10 *Die **dief** kom net om te **steel** en te **slag** en te **verwoes**. **Ek het gekom, dat hulle lewe en oorvloed kan hê.*** As ons **NIE** in oorvloed leef nie, is ons mos **onregverdig, onskriftuurlik** en onder satan se koninkryk. Broer hoe op aarde kan ek dit sê? **Maklik, Christus Jesus IS ons GEREGTIGHEID!!! Hier is die bewys broer>>>**

2Korintiers 5:21 *Want Hy het Hom **(JESUS)** wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat **ons kan word geregtigheid van God in Hom.***

Psalm 11:5 *Die HERE **toets die regverdige;** maar Sy siel **haat die goddelose** en die wat **geweld liefhet.*** As dit in jou kamp sleg lyk, toets bietjie jou gesindheid teenoor Die Here;

Psalm 34:20 *Menigvuldig is die teëspoede **van die regverdige,** maar uit **dié almal red die HERE hom.*** As jou **teëspoede net aanhou en aanhou**, doen maar introspeksie, steek hand in eie boesem. Ek doen dit gereeld want, Paulus beveel aan>>>***2 Korintiers13:5*** *Ondersoek julself of **julle in die geloof is; stel julself op die proef**. Of is julle **nie seker van julself dat Jesus Christus in julle is nie—as julle ten minste nie verwerplik is nie!***

Psalm 37:25 *Ek was jonk, ook* ***het ek oud geword,*** *maar* ***nooit*** *het ek die* ***regverdige verlate gesien,*** *of* ***dat sy nageslag brood soek nie.*** Is dit waar in jou geval? **NIE??**

Psalm 55:23 *Werp jou* ***sorg op die HERE****, en* ***Hy sal jou onderhou;*** *Hy sal* ***nooit die regverdige laat wankel*** *nie.* Anders moet ons maar ons regverdigheid of geregtigheid fyn opcheck broer.

Ek het in die verlede soms so sleg gevoel, dat ek amper saam gehuil het, van simpatie vir die armlastiges, **TOT EENDAG**....Ek daag onbepland en onaangekondig, by broer Koos op, wat altyd so onner haglike en vreeslikste omstandighede gebukkend gaan, se huis op. Die broer se vrou, wit geskrik, sê dat hy **agter** die hoenderhok is. **Agter die hoenderhok?** Wie kruip nou so weg?

Vind hom, **AGTER** die hoenderhok, met 'n glas drank en 'n lang stink sigaret tussen die vingers. Hy raak so wit soos 'n geskilde aartappel. Het nooit verwag dat ek hom daar **agter die hoenderhok** gaan kry nie....kruip vir die bure weg...maar weet nie...**Dat die Here se oë die ganse aarde deurloop nie**... ***Sagaria 4:10*** *Terwyl daardie sewe—die* ***oë van die HERE*** *die ganse aarde deurloop.*

Sit sommer dadelik die drank agter sy rug op 'n boomstomp neer, trap die doodkis spyker op die grond dood.

"Naand broer, ek sien dit gaan sommer klopdisselboom hierdie kant van die dorp". "Ai my broer, moenie praat nie, hier gaan dit maar beroerd. Die geyser het gebars, net toe die Taksman so bonussie terugbetaal het.

Ian>>>Drukgang? of het Die Here betyds uitweg gegee, bonus om warmwaterstel reg te maak? Hang mos af hoe 'n mens 'n saak beskou, nie waar nie!!!

Wou nog die naweek bietjie gaan kamp het. Die Here wou julle dalk eerder in die kerk sien as nog 'n naweek afwesig? **Kyk nou!!!**Jy sien hoekom ek nie meer so baie kerk toe kom nie. Die weergebore storie werk vir ander, nie vir ons nie. Jy

getuig amper by elke diens en Die Here doen absoluut niks vir ons nie. Onthou jy verlede jaar November toe ons jaarlikse bonus uitbetaal is? Ons wou by my ma-hulle op Oudtshoorn vir krismis gaan kuier het. Toe pak daai skorrie morrie (overgeset synde, vloek vloek) ou Cortina se clutchplaat op en ons doen maar die tuinroete....al ommie huis...al ommie huis. Die kar moes reg wees wanneer die werke in Januarie weer begin."

Ian...

"Ai tog broer, die **drukgang is stram** nie waar nie? Lyk vir my soos 'n ou emmer met gaatjies in die boom. **Jy tap water in maar die ding raak nooit vol nie, want die**

water loop net so vinnig uit. Janee, ken daai eina, ek weet waar dit vandaan kom, **gees van rebellie!!** Nie lief vir Jesus nie, glo nie Sy Woord nie. Ons kom nounou daarby.

Daai **gees van rebellie** veroorsaak baie probleme in 'n man se huishouding. Onhebbelike kinders, rebelle, ongedissiplineerd, aardjie na die vaartjie né!!!

Broer ek weet dis terriebaal om so onder **"satan"** se aanval te wees, maar kom ek stig of skok jou so effens. Het jy al **ooit** hierdie in **Die Woord** gelees?

Buckle up"

Jesaja 30:18 *En daarom sal die **HERE met ongeduld daarop wag** om julle **genadig te wees,** en daarom sal Hy Hom verhef **om Hom oor julle te ontferm;** want die HERE is 'n God van die gerig. **Welgeluksalig almal wat op Hom wag!*** Broer, kan jy sien dat Die Here jou wil bless...al gebeur wat ookal? Hy wil **hê** dat **jy op Hom moet wag.** Sy kinders hardloop nie doelloos van plek tot plek en soek hulp en raad by ander nie **want>>>**

Jeremia 17:5 *So sê die HERE: **Vervloek** is die man **wat op die mens vertrou** en **vlees sy arm maak**, terwyl sy **hart van die HERE afwyk.*** Jy bely mos dat die **"weergeboorte"** nie vir jou werk nie, en dan wil jy nog verwyte en beskuldigings links en regs rondgooi!!!Nie 'n wonder nie. Ek is sommer lus en los jou net hier in jou ellende **MAAR!!!>>>** Ek gaan maar voort om, vir jou gesin se onthalwe, jou van sienswyse te probeer verander.

Mens moet **WAG** totdat **Die Here Sy Wil** in jou lewe bereik. As jy jou hart nie langer verhard nie, die werke van die **gees van rebellie** dadelik bind, soos jy geleer het, sal Hy, soos hierbo, jou genade bewys. En o ja, natuurlik kan jy **satan** oorwin>>>> hier is **kragtige verse**>>>>

Lukas 10:17 *En die sewentig het met blydskap teruggekom en gesê: Here, ook die duiwels onderwerp hulle aan ons in u Naam.*

Luk 10:18 Toe sê Hy vir hulle: Ek het die satan soos 'n bliksem uit die hemel sien val.

Luk 10:19 Kyk, Ek gee aan julle die mag om op slange en skerpioene te trap, en oor al die krag van die vyand; en niks sal julle ooit skade doen nie.

"Maar is die Skrifte nie net vir pastore en kerkraadslede en die Apostels van destyds nie? Ek is maar net ou Koos".

"O nee Kosie, ek het van jou 'n dissipel gemaak en dis vir **al die kinders** van Die Here. Almal, **maar ook NET diegene wat, NA hul bekering, in water gedoop is.** Kyk hierdie bevestigende Skrif">>>>

Markus 16:15 *En Hy het vir hulle gesê: Gaan die hele wêreld in en verkondig die*

evangelie aan die ganse mensdom.

*Mar 16:16 Hy wat **glo en hom laat doop, sal gered word;** maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word.*

*Mar 16:17 En vir **die wat geglo het, sal hierdie tekens volg**: in my Naam sal hulle duiwels uitdryf, met nuwe tale sal hulle spreek,*

*Mar 16:18 **slange** sal hulle opneem; en as hulle iets dodeliks drink, sal dit hulle geen kwaad doen nie; op siekes sal hulle die hande lê, en hulle sal gesond word.*

1Petrus 5:5** Net so moet julle, jongeres, aan die oueres onderdanig wees; en wees almal met ootmoed bekleed in onderdanigheid aan mekaar, want **God weerstaan die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee Hy genade.

*1Pe 5:6 **Verneder julle** dan onder die kragtige hand van God, sodat **Hy julle kan verhoog** op die regte tyd.*

*1Pe 5:7 **Werp al julle bekommernis op Hom,** want Hy sorg vir julle.*

*1Pe 5:8 **Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel,** loop rond **soos 'n brullende leeu**, en soek **wie hy kan verslind.***

*1Pe 5:9 **hom moet julle teëstaan, standvastig in die geloof**, omdat julle weet dat dieselfde lyding opgelê word aan julle broederskap wat in die wêreld is.*

*1Pe 5:10 En mag die **God van alle genade** self, wat **ons geroep het tot sy ewige heerlikheid** in Christus Jesus, nadat ons 'n **kort tyd gely** het, **julle volmaak, bevestig, versterk en grondves**!*

En dan is hier ook nog kragtige verse, as jy net doen wat ek jou voorheen geleer het, om Die Woord te lees, sou jy lankal volwasse in jou geloof gewees het, en ook beslis geweet het hoe om satan te troef››› die **Swaard van Die Gees** is die antwoord, maar jy is ongeoefen in die gebruik daarvan, soos die jong onervare Dawid was, met Koning Saul wapenrusting››››

***1Samuael 17:39** En Dawid het sy swaard bo-oor sy klere vasgegord, en toe hy moeite doen om te loop, **omdat hy dit nooit probeer het nie**, sê Dawid vir Saul: Ek kan nie hierin loop nie, **want ek het dit nooit probeer nie.** En Dawid het dit uitgetrek.* Sien jy broer? As jy nie **God se Woord, Die Swaard van Die Gees** probeer nie, gaan jy **satan op sy terrein** onbewapen tegemoet. **GROOT FOUT!!!**

Was laaaang afdraaipaadjie!!!

Nou gaan ons verder met WIE soms vir ons eina kry verantwoordelik is››› Ons praat van drukgang hier›››vir ons eie voordeel.

Ian›››

Die Here se Drukgang!!!

Jesaja 30:19** Want 'n volk sal op Sion, in Jerusalem, woon; **jy sal nie meer ween

*nie; **sekerlik** sal Hy jou **genade bewys op jou hulpgeroep;** sodra **Hy hoor, antwoord Hy jou.***

Jes 30:20 ***Die Here*** ***gee julle wel brood van benoudheid en water van bedruktheid*** **Hoe nou, WIE doen dit???? NOOIT!!!!** ***maar*** *jou leraars sal hulle nie langer verberg nie—**maar jou oë sal jou leraars sien;***

*Jes 30:21 en jou **ore sal 'n woord** agter jou hoor>>>* Oh Praise The Lord, it's the **Holy Ghost** and **POWER** and **its keeping me alive!!!!!!***wat sê: Dit is **die weg, wandel daarop!** wanneer **julle regs of wanneer julle links wil gaan.***

Boykie, gee vir my asb!!!! Wil getuig!!!

***Iantjie boy,** vat hierdie volgende een mooi vas.*

*Jes 30:22 En julle sal **verontreinig die oortreksel van jou gesnede beelde van silwer en die beslag van jou gegote beeld van goud;** jy sal dit **weggooi soos iets wat besoedel is.** **Weg daarmee!** sal jy daarvan sê.* **NOU begin jy reg>>>>** dink, reg optree, regte besluite neem, jou gedagtes nie meer besoedel met 'n spul onsin nie. En Die Here begin saamwerk met jou!!Kyk nou na hierdie beloftes broer!!!

*Jes 30:23 Dan sal Hy **reën gee vir die saad** waarmee jy die **grond besaai**, en **broodkoring** wat die **grond voortbring**, en dit sal **smaaklik en voedsaam** wees; jou **vee sal in dié dag wei op 'n uitgestrekte weiveld;***

*Jes 30:24 en die **osse en die esels** wat die grond bewerk, sal voer **met sout eet,** wat uitgewan is met skop en gaffel;*

Jes 30:25 ***en op elke hoë berg*** *en op elke verhewe heuwel sal strome wees, waterlope, op die dag van die groot slagting as die torings val.*

Die Here gee ons oorgenoeg kans om van vlees en slegte gedagtes en verkeerde afgodgoed ontslae te raak. Sien dit net raak en tree korrek op in Die Here se weë.

Ons was darem nou op 'n laaanngg afdraaipaadjie, nou tree ons toe tot die **"nitty gritty" van ons Lering!!**

Getuienisse.

Dierbares, hierdie lering gaan baie getuienisse, tov Die Here se getrouheid aan Sy Woord, Sy beloftes ens, bevat. Waar u dalk alreeds van my getuienisse gehoor het, vergewe asb. Daar is baie mense, wat my hieroor vra, wat ek in gedagte moet hou.

Bou vir julle 'n huis.

In 2012 verhuis ons van PE af na die Strand. Vir 'n kort rukkie, tot so middel van 2014, woon ons in 'n piep klein huisie, waar die slaapkamers so klein was, dat mens nie eers van gedagte kon verander nie, let alone moving something around. Nee regtig.

Die badkamer plafon was so laag dat my kop daarteen gestamp het, ek, 'n ou Shorty ja.

Nou, op 'n dag sê Sloom, my vrou en getroue ondersteuner en **GEEN NONSENSE** van kaboutertjies, dwergies, baba engeltjies, feetjies, hekse, narre, warlocks, sangomas, ander satangoeters soos doepa en muti, of papsak ouens nie.

Afdraaipaadjie.

Vir interesantheids onthalwe››› Julie 2015 sien ek die **gees van die dood ook bekend as grim reaper** by my hospitaalbed se voetenent staan. Ek wys met my oë vir Sloom. Vreesloos stap sy op **hom** af en skree. "Hey **jy,** voertsek van my man af, **nou!!! Uit** is **jy** In Jesus Naam. Poefff!!!Die volgende oomblik gaan die bloeddruk en hartklop en watookal monitor se sirene af en al taggentag kom aangehardloop en die wazzit nous, keer daar en "Kyk die man se bloeddruk is in sy maai en sy hardklop is 16", en skielik gaan die sirene af, en die hartklop, binne minder as 'n minuut, weer normaal. Ja dis my vrou daai›››sommer voertsek. Arme **"reaper".** Nie 'n kat se kans nie.

Terug oppie storie.

En hierdie selfde vrou, 'n maand of 2 voor die "voertsek" storie›››

"My man, kom ons bou vir ons 'n ordentlike huis". "En die geld daarvoor, kom nou weer waar vandaan mamma?" Moenie my upsettie Sarel›››dit klink na moeilikheid››› ligvoet trap nou broer Sarel››››tuinjong ga!!

"Jy is 'n tiende betaler en jy vra my sukke…nie ***sulke*** nie….**SUKKE** twak?"

"Net gegrap ma".

"En jy saai saad op goeie grond en jy leer ander ook om dit te doen en ons leef al van 2001 af so, **net in die geloof** en **Jesus het** ons, nog **NOOIT maar NOOIT** in die steek gelaat, of in die skande laat kom nie. Ons vir 4 jaar gratis in 'n groot woonstel laat woon".

"Ja, ek weet ma"

"Nou?"

"Trek op daai plan ma, ek is reg vir die saak. Het net gespot met jou. Wie weet beter as ek, dat **Die Here Jesus NOOIT op Sy Woord teruggaan** nie en dat Hy›››

Jeremia 1:12 *Toe sê die HERE vir my: Jy het goed gesien, want* ***Ek is wakker oor My Woord om dit te volbring.***

Jy kom kry my dan met minder as 800 rand in my bankrekening en jy trou met my? Dissie so smart nie. Moeder jy weet mos. Ek huiwer nie om Die Here aan Sy Woord en beloftes te herinner nie". Soos in›››

Jesaja 62:6 *o Jerusalem, Ek het wagte op jou mure uitgesit wat gedurigdeur die hele dag en die hele nag nie sal swyg nie. o* ***Julle wat die HERE herinner aan sy beloftes—moenie rus nie.*** Ma, onthou jy daai dag in Heidelberg. Ek moes 'n nuwe boor en 'n bakkie battery gaan koop››››sonder geld. Toe kry ek R250 by jou om te gaan saai. Dierbares, ek staan buite, terwyl sy by die bank ingaan. Toe sy ingaan, stap 'n ou vriend uit. Hy kom reguit na my toe en druk R1000 in my sak. Later is ons by die koöperasie, waar ek battery en boor koop, toe dieselfde vriend daar instap en vra wat ons daar maak. En toe betaal hy sommer vir albei my aankope ook". Die Here wat ons dien, Hy is so wonderbaar!!!

Dierbares, julle vra hoe dit so maklik kan gebeur? Wel, eerstens is Die Woord van Die Here vol beloftes en raadgewinge. Hy verwag net van Sy kinders om Sy Woord te lees en te doen wat daarin geskryf staan. Ons moet Hom liefhê bo alles en almal. Dan sal ons die **vrymoedigheid** bekom om **Hom onvoorwaardelik te vertrou** en **Sy Woord te doen en leef**. Maar daar is 'n paar goed om eers uit die weg te ruim, dinge soos **Tiendes, offergawes, saad saai ens.**

Kom ons bekyk dit bietjie!!!

Maleagi 3:8 *Mag 'n mens God beroof? Want julle beroof My, en julle sê: Waarin het ons U beroof?* ***In die tiendes en die offergawe.*** Sê mense sommer dadelik vir my. Dis Ou Testamenties en wetties, ons is los van die wet. Nee meneer, maar ek wil dit hê. Regso dan, gaan kla by die Bank en los my maar in vrede. Ek betaal myne en kan maar net van Die Here se Goedheid en Guns getuig›››dat Hy, die vensters van die hemel, gereeld vir my oopmaak. Dis Sy belofte en Hy hou daarby, al vir meer as 30jaar. Ek het laaank terug die volgende in Die Woord gelees›››

Mattheus 4:4 *Maar Hy antwoord en sê: Daar is geskrywe: Die mens sal nie van* ***brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan.***

Die woorde het by Die Here se mond uitgegaan. Daars is nie 'n manier dat ek Hom gaan beroof nie. Kyk wat waarsku Die Here verder›››

Mal 3:9 Met ***die vloek is julle belaai, en tog beroof julle My****, julle, die hele nasie!*

Gaan jy Die Here uitdaag ou broer?

Mal 3:10 Bring die ***hele tiende na die skathuis****, sodat daar spys in my huis kan wees; en* ***beproef My tog hierin****, sê die HERE van die leërskare, of* ***Ek vir julle nie die vensters van die hemel sal oopmaak en op julle 'n oorvloedige seën sal uitstort nie.*** Wow broer. Ek vertrou Die Here. Hierin kan en mag ek Hom beproef. Het dit ook al honderde kere gedoen en Hy het elke keer getoon dat Sy Woord betroubaar is. Op my 60ste verjaarsdag››››***Ian, gee vir my asb!!*** Ek wil gou hieroor getuig.

Mal 3:11 Ek sal ook die sprinkaan vir julle afweer, sodat hy die opbrings van julle grond nie sal verwoes nie; ook die wynstok op die land sal vir julle nie onvrugbaar

wees nie, sê die HERE van die leërskare. Belofte dat Die Here alle skade van ons sal weghou en ons sal floreer in ons doen en late en ook in ons werk en besigheid.

Ian getuig oor jou sukses asb. **Die res sal volgende week gedoen word.**